# BIED
# DIE SKRIF HEILSGESKIEDENIS

Dit skyn so 'n vanselfsprekende feit te wees dat ons dit maar kan aanvaar, en tog het daar 'n ander begrip na vore gekom wat nader ontleed moet word. Hierdie begrip „heilsgeskiedenis" is nie die gewone een wat tot dusver gebruik is nie. Ons het altyd gespreek van „openbaringsgeskiedenis" wat in die Skrif gevind word en met baie groot vrymoedigheid kan 'n bevestigende antwoord gegee word, as hierdie ou bekende begrip hierbo voor die vraagteken gestaan het. Maar is openbaringsgeskiedenis dan volkome identies met heilsgeskiedenis? Het hier 'n wending gekom en is dit 'n wending wat verwelkom moet word, in die sin dat dit 'n suiwerder formulering bied? Of, en dit kan ook waar wees, het ons hier 'n wysiging in ons opvatting aangaande die Heilige Skrif, 'n gevaarlike neiging, waarvoor ons op ons hoede moet wees?

Immers, dit gaan hier ook oor die prediking. Dit kan nie maar net 'n stryd wees oor die veranderde begrippe nie, maar in die begrippe setel 'n stryd oor Skrifverklaring. Dit gaan oor 'n nuwe wending in die Hermeneutiek. Daarom is dit goed dat ons ons baie duidelik rekenskap gee. Gedagtig daaraan dat die wetenskaplike Hermeneutiek in 'n besonder kritieke tydstip verkeer en van verskillende vreemde kante aanslae ontvang, bv. van Bultmann met sy ontmitologisering van die Skrifhistorie, moet Gereformeerde wetenskaplikes tydig tot hierdie polemiek toetree.

Hierdie nuwe en dikwels vreemde begrippe dwing 'n mens tot versigtigheid. Tesame met die belangstelling in die Hermeneutiek het daar ook besondere belangstelling gekom in die Homiletiek, en ook hier het ons 'n oes van vreemde begrippe wat die trant van prediking moet aandui. Ons noem bv. eksemplariese prediking, heilshistoriese prediking, kerugmatiese prediking, eksistensiële prediking, aktuele prediking. Sommige van hierdie begrippe klink bekend, maar selfs die blote aanduiding van aktuele prediking het al tot versigtigheid gemaan, omdat elkeen wel sal toestem dat alle prediking aktueel moet wees, maar daaronder tog wel ook 'n mate van andersoortigheid in die aktuele binnegedra word bv. deur Barth. Die vraag wat dringend om antwoord roep is: het hierdie begrippe ook met mekaar te doen en hou hulle verband met mekaar? Is dit blote insidenteel dat al hierdie begrippe by die prediking opgekom het op dieselfde tyd as wat die stryd binne die Hermeneutiek ontbrand het?

Die opkoms van die eksistensiële denke is al in verband gebring met teologiese wendinge. Inderdaad moet dit nie bevreemd nie, want die eksistensialisme het duidelike invloed laat geld op bv. letterkundige gebied en kan bykans oral gemerk word, selfs ook op die gebied van die kuns en argitektuur. Barth het 'n eie Skrifopvatting wat na vore kom in sy opvatting oor openbaring. Sy Skrifopvatting moes kom tot 'n Skrif-toepassing. Sy veranderde opvatting oor die Hermeneutiek moes kom tot 'n veranderde en vreemdsoortige prediking. 'n Mens kan nie aktueel preek sonder om die aktualisme ook in te voer in jou dinamiese Skrifopvatting insake die openbaring nie. Eksemplaries preek beteken nie maar net om die Skrif toe te pas op onverantwoorde wyse op ons tyd nie, 'n gelyk-teken te plaas tussen die Skrifhistorie en 1963 nie. Agter die eksemplariese prediking sit 'n hele Hermeneutiek, 'n Skrifverklaring wat daarvoor ver-antwoordelik is. Daarom is hierdie en ander begrippe nie so eenvoudig as wat hulle voorkom nie.

Ook hier loer 'n duidelike Barthiaanse Skrifopvatting om die deur. Barth se dinamiese openbaringsleer, sy voortgaande openbaringsteorie, sy leer dat die Skrif nie openbaring is nie, maar dat dit oorkonde is van openbaring, optekening van 'n openbaring eenmaal gegee aan Skrif-persone en wat nie afgesluit is nie, maar in ons ook tot openbaring kan word, kan ons dit laat tipeer as 'n eksemplariese openbaring. Die open-baring van God aan Moses was eksemplaries van 'n openbaring wat ook my deel kan word. Dit is 'n voorbeeld van die openbaring wat in die prediking ook in my hart ontsteek kan word. Die hele Skrif kan dus geti-peer word as eksemplariese openbaringsboek wat voortgaan om telkens weer nuwe openbaringe te bring. En so kom daar 'n gelykteken tussen Gods openbaring aan Moses en Gods openbaring aan my.

Barth het met sy teologie ons op 'n gevaarlike pad gebring, maar gelukkig ons ook tydig ernstig gewaarsku dat eksemplaries in die predi-king nie maar net beteken om iets of iemand as voorbeeld te neem nie. So onskuldig is hierdie begrip nie, want ons sou talle voorbeelde uit Gods Woord kon noem wat dit ons nie belet nie. Wat hier aangevoel word is 'n foutiewe Hermeneutiek wat in die Homiletiek benadruk word. Net soos wat die openbaringsbegrip van Barth sy reperkussies het in die Kanoniek en Dogmatiek, kan dit gevind word in al die Teologiese vakke, en ons moet dus daarvoor op ons hoede wees.

'n Mens sou tog ander en meer bekende begrippe kon gebruik as eksemplaries, bv. moralisties, illustratief, allegories. Indien dit sou gebeur dat iemand beskuldig word van allegoriese Skrifverklaring, sou ons almal weet wat daar gebeur het en ons sou op ons hoede wees. Maar eksem-plariese Skrifverklaring wil meer wees, wil die Skrif verlewendig deur dit gelyk te skakel met ons lewe, sowel histories as psigologies en ook illu-

stratief. Bv. as Abraham moet uitgaan uit Ur van die Galdeërs, het ons te doen met 'n historiese feit. Moet so 'n historiese feit ook by ons voltrek word? Dan maak ons van die historiese feit 'n psigologiese waarheid. En dan word die historiese feit illustratief van wat ons ook geroep word om te doen. Op so 'n wyse moraliseer ons en beland ons binne die allegorie. Voeg nou nog hierby dat dit nie maar net 'n euwele predikingswyse is nie, maar 'n totaal valse grondslag het in die teologiese Hermeneutiek, dan het ons die eksemplarisme duidelik.

Nou staan hierdie begrip nie alleen nie, maar word telkens aangestrengel met ander begrippe. Dit verhoog die spanning en onthuts ons meer. Ons wil probeer familieverwantskap aantoon tussen die eksemplariese en bv. die heilshistoriese. Ook hierdie begrip wat omtrent heeltemal op die gebied van die Hermeneutiek fungeer, is 'n nuwe begrip wat ewe maklik hanteer word. En tog is hy van die begin af aan totaal oorlaai met spanningsvolle inhoud. Twee begrippe is saamgevoeg en albei is bekendes in die Gereformeerde teologie. Heil + histories het geword heilshistories. Is Gods Woord 'n boek van heil? Wie durf daarop negatief te antwoord? Is Gods Woord ook histories? Wie durf daarop enkel negatief te antwoord? Is Gods Woord 'n heilstoriese Boek? Net so seker as wat Gods Woord meer as enkel heil gee en meer as historie bevat, is dit ook meer as 'n heilshistoriese Boek.

Laat ons egter eers probeer familieverwantskap aantoon tussen heilshistories en eksemplaries. Dr. K. Dijk stel dit in sy boek „De Dienst der Prediking" so: „De derde vraag in dit verband is die van de heilshistorische of exemplarische homiletische verklaring". Vir hom is daar dus geen verskil tussen die twee begrippe nie. Heilshistories = eksemplaries.

Nou word dit 'n uiters belangrike vraag: wat het ons in die Skrif heilshistorie. enkel heilshistorie? Het ons in die Skrif ook historie, al is dit nie kronologies nie, al staan die gebeurtenisse nie altyd in die presiese tydsorde waarin dit gebeur het nie. Die vraag gaan om die historisiteit nie alleen nie, maar ook om die verdere aksent wat tans gelê word op die wêreldbeeld wat die skrywers van die Heilige Skrif, wat deur God gebruik is as sy instrumente om die openbaring op skrif te stel, gehad het. Hulle kon tog nie dieselfde wêreldbeeld van die sterre, die seë, die beweging van planete ens. as ons gehad het nie. En nou word beweer dat ons dit in aanmerking moet neem, tot so 'n mate, dat ons liewer moet konsentreer op die heilshistorie, met volle aksent op die eerste lid van die woord. God gebruik die skrywers met al hul tekortkominge, met hul wêreldbeeld en daardie wêreldbeeld gee aan ons juis ook 'n verdere waarborg van die juistheid waarmee die Skrif nougeset opgeteken is. Immers, as die Skrif in ten volle juiste taal, begrippe, weten-

skaplik omlynde terminologie van die 20e eeu opgestel sou wees, sou dit die sekerste teken wees dat dit nie van Goddelike oorsprong is nie.

Maar, so word beweer, nou is die Skrif geen handboek vir die historie nie, maar dit gee heilsgeskiedenis. By Skrifverklaring en prediking moet ons daarop konsentreer. Dit moet die kerugma, die boodskap wees.

Nou het daar 'n stortvloed van begrippe gekom ter verklaring van hierdie standpunt. Daar moet skielik 'n duidelike verskil gemaak word tussen heils*historie*s en heils*ordelik*. Die openbaringsgeskiedenis en die heilsgeskiedenis is twee onderskeibare begrippe. Die einde is nog nie in sig nie, want daar is ook 'n duidelik aanwysbare verskil tussen heilsgeskiedenis en heilshistorie. Vanwaar al hierdie aktiwiteit? Dit is nogal heel interessant.

Een van die grondreëls van die Hermeneutiek is tog dat die Skrif die Skrif moet verklaar. As ons klaarblyklik met 'n historiese deel van die Skrif te doen het, mag ons dit alleen uit historiese gesigspunt verklaar. Het ons met 'n visionêre, 'n profetiese, 'n digterlike deel te doen, moet dit weer duidelik invloed hê op ons verklaring.

En nou het die Teologie hom opnuut besin oor die resultate van die Natuurwetenskappe, en veral die vrae rondom Gen. 1 tot 3 het binne gesig gekom. Hier het ons te doen met sulke kardinale vrae soos die ouderdom van die aarde, die oorsprong van die mens as beeld van God, die oorsprong van die kwaad. Op hierdie vrae het die Natuurwetenskappe hul eie antwoord en nog altyd was daar spanning tussen die Teologie en veral die Biologiese wetenskap. Ons kan nie in besonder hierop ingaan nie, want dit gaan nou nie daaroor nie. Een ding is seker, dat die geeste daaroor in beweging is. Daar word druk geskryf, in Nederland, in Suid-Afrika en in Amerika. Dit gaan weer oor die begin. Die Biologie meen dat uit opgrawinge genoegsaam blyk dat, wat die mens betref, ons wetenskaplike getuienis het van 'n aapagtige mens of mensagtige aap, genoem die Neanderthalermens en wat teruggevoer kan word tot 'n halfmiljoen jaar gelede.

Nou meen sommige teoloë dat ons moet afstand doen van ons tradisionele opvatting van Genesis 1 tot 3. Het daar ander eksegetiese lig opgegaan oor die Skrifteks? Het teologiese besinning ons tot nuwere insigte gebring? Dit staan tog nog duidelik: God het die mens na sy ewebeeld geskep. en kan ook hierdie feit nader verklaar word, as ons te doen kry met Neanderthalermense wat niks anders as wrede monsters skyn te wees nie? Is Adam nog die eerste mens en volgens Luk. 3 : 38 die seun van God? Kan hierdie dinge met mekaar gerym word en sal daar nie 'n totaal nuwere oriëntering moet kom ten opsigte van ons Dogmatiek, wat hom weer rekenskap sal moet gee oor die oorsprong van

die kwaad en die deurwerking van die sonde, die verband tussen sonde en dood nie?

Ds. H. A. L. van der Linden skryf in *Bezinning* dat hy uitgaan van die standpunt dat daar geen botsing kan wees tussen die Natuurwetenskappe en die Skrif nie. Dit kan ons hom toegee. Maar hoe word die pleit hier gevoer? Hy sê dat ons alleen maar moet onthou dat die Bybel geen handboek is vir die Natuurwetenskap nie, maar *heilshistorie*. Dit skyn so opsigtelik 'n ware stelling te wees, dat ons maklik toegee en verder stap. Maar is dit? Sou dit ook waar wees as ons beweer dat die Skrif 'n valse natuurverklaring gee en dat ons ons daaraan maar nie moet steur nie, maar slegs ons bepaal by die heilshistorie? Elke mens weet dat ons geen Natuurwetenskaplike sistematiek in die Bybel kry nie, maar dit wil nog nie sê dat die feite oor die natuur in die Skrif gegee onwetenskaplik is nie. Die Skrif is handboek vir geen wetenskap hoegenaamd nie, maar dit maak die Skrif werklik nie waardeloos vir enige wetenskap nie.

Wat egter duidelik is, is dat ons nie hier met 'n eksegetiese kwessie te doen het nie, maar met 'n Skrifopvatting. Iemand het dit só gestel: ek moet Gen. 1 tot 3 anders lees, heilshistories naamlik. En aangesien die Bybel ook geen handboek vir geskiedenis is nie, moet ons dit heilsordelik lees.

Maar kan dit ook anders gelees word? Is dit in die verlede anders gelees, en wat noodsaak nou hierdie verandering? Is dit nie 'n konsessie aan die Biologie nie? Wat 'n mens daartoe noop is ook 'n bioloog, wat telkens antwoord as die oënskynlike konflik tussen Gen. 1 tot 3 en die biologiese vondse aan hom gestel word: „Ik dacht dat het heilshistories bedoeld was". Ja, so het prof. Lever dit telkens moes stel.

En nou het ds. Van der Linden uit Nederland 'n verskil gemaak tussen *historie* en *geskiedenis*. By historie het 'n mens te doen met die gebeurtenisse, soos wat dit op die horisontale vlak van die tydelike lewe voorval. Met die historie het die wetenskappe dit te doen, ook die Natuurwetenskappe. Geskiedenis is die realisering van die Goddelike heilsplan. Die Bybel is dus die Boek van die geskiedenis.

Is dit dan 'n wonder dat prof. Herman Ridderbos vra of ons hier te doen het met „een onhistorische geschiedenis?" En verder, as oor Gen. 1—3 die uitspraak kom dat dit nie historie is nie, maar geskiedenis, vra Ridderbos snydend krities: „Is dit alles ook echt gebeurd?" Is dit moontlik om die geskiedenis te onthistoriseer? Het die skepping wel plaasgevind op die horisontale vlak van die tydelike lewe?

Sekerlik het ons m.i. hier te doen met 'n grillige dualisme. Want ons lees: „Wanneer ooit bewezen wordt dat de mens van het dier afstamt,

verandert het totaal niets in ons geloof". Waarom nie? Wel, by afstamming gaan dit om historie en by geloof gaan dit om geskiedenis.

As ons dan ook lees by hierdie geleerdes dat die paradysverhaal nie histories nie, maar „niet-historische Oosterse stof, voorstellingen, simbolen, mythen" aan ons gee, is dit vir my duidelik dat ons hier by Bultmann beland, wat die openbaring geweld aandoen met sy menslike ingreep om die openbaring van alle mites te ontdoen. Op so 'n wyse verkry ons dan nou wel nie meer Skrifkritiek wat op Tekskritiese terrein beweeg nie, maar 'n krisis binne die Hermeneutiek, waarin dit gaan om die sin van die Skrif.

En nou moet die homileet in hierdie krisis binne die Hermeneutiek sy weg baan om die gesag van die Skrif aan die gemeente van Christus te bring in die prediking. Vandaar dat aan hom die eis gestel word om nadruk te lê op die kerugma. die proklamering van die kerngedagte van die Skrif. Hierdie boodskap vind ons nie in die historie nie, maar in die geskiedenis.

Tereg kan egter beweer word dat as 'n mens die Skrif onthistoriseer, het jy die openbaring van 'n wesenstrek beroof. Gods openbaring word juis ook in bepaalde vorm gegiet, waarin lewende historiese persone optree, leef, spreek, teenoor mekaar handel. Neem die historiese weg en alles verstar tot harde vs. Iemand skrywe: „Nadat de tekst histories is begraven, moet de prediker hem existentieel weer opwekken". As die Skrif nie meer historie is nie, maar enkel geskiedenis, enkel heilsgeskiedenis, dan is die Skrif eintlik net preekboek, binne die kerk opgesluit, net kerugma. Vir die wetenskap wat op die terrein van die Historie beweeg, het dit geen betekenis nie.

En op so 'n wyse het ons dan dat die konflik tussen wetenskap en Skrif besweer is. Elkeen het 'n eie terrein: historie en geskiedenis. Maar die konflik staan nou lewensgroot weer voor ons: hoof en hart, wetenskap en geloof.

Die nuwere begrippe het geen vooruitgang gebring nie. Die bekende begrippe was suiwerder en meer tiperend. Heilsgeskiedenis of heilshistorie, eksemplarisme en kerugma, een ding is seker: ons verkeer hier in vreemde geselskap met 'n vreemde spraakgebruik wat tot uiterste versigtigheid moet stem.

S. P. van der Walt.

P.U. vir C.H.O.